# Fortaleza de São Sebastião en die Kasteel de Goede Hoop: 'n historiese en vergelykende studie

**O.J.O. Ferreira en Schalk le Roux**
Departement Historiese en Erfenisstudies en Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria
E-pos: ojof@tlantic.net en schalk.leroux@telkomsa.net

**Fortaleza de São Sebastião and the Castle of Good Hope: a historical and comparative study**
From the beginning of the 16th century Ilha de Moçambique [Mozambique Island] represented for the Portuguese the most important port of call in the *Carreira da Índia*, the round voyage between Portugal and India. After the Dutch East India Company (V.O.C.) was founded in 1602, the Dutch cast longing eyes at this strategic island. On three occations – in 1604, 1607 and 1608 – they made unsuccesful efforts, by means of blockades, to capture the fortress on the island, the Fortaleza de São Sebastião. Prominent historians like C.R. Boxer, W.Ph. Coolhaas, J.M. Garcia and especially Eric Axelson, show how the history of Southern Africa would have taken an altogether different direction had the Dutch indeed captured Ilha de Moçambique. According to them, the fruitless blockades of the island were one of the reasons why the Dutch eventually established their refreshment station at the Cape of Good Hope in 1652. This article describes the historical links between the Fortaleza de São Sebastião and the Castle of Good Hope and concludes with a comparison of the architectural characteristics of these fortifications.
**Key words:** Architecture, Castle of Good Hope, Dutch East India Company (V.O.C.), Fortaleza de São Sebastião, Fortifications, Ilha de Moçambique

**Fortaleza de São Sebastião e o Castelo da Boa Esperança: Estudo histórico-comparativo**
Desde os começos do século XVI que a Ilha de Moçambique se tornou no mais importante porto de escala na *Carreira da Índia*, a rota dos navios portugueses entre Portugal e a Índia. Após a fundação da Companhia Holandesa das Índias Orientais ( V.O.C. ) em 1602, os Holandeses deitaram seus olhos cobiçosos sobre esta Ilha geo-estratégica. Por três vezes, em 1604, 1607 e 1608, os Holandeses tentaram, esforçadamente, mas sem resultados positivos, apesar de apertados bloqueios, assenhorear-se do forte erguido na Ilha e conhecido pelo nome de Fortaleza de São Sebastião. Historiadores de renome como C.R. Boxer, W. Ph. Coolhaas, J. M. Garcia e, particularmente, Eric Axelson demonstraram como a história da África Austral teria seguido, globalmente, destinos bem diferentes, se os Holandeses tivessem conseguido capturar e ocupar a Ilha de Moçambique. De acordo com os resultados das suas pesquisas históricas, os malogrados bloqueios ou cercos marítimos feitos contra a Ilha constituiram uma das razões que, eventualmente, forçaram os Holandeses a estabelecer a sua base de abastecimento de produtos frescos e água aos seus navios, no Cabo da Boa Esperança em 1652. O artigo vertente considera os laços históricos entre a Fortaleza de São Sebastião e a do Castelo da Boa Esperança e conclui com um estudo comparativo das características arquitectónicas das duas fortalezas.
**Palavras-chave:** Arquitectura, Castelo da Boa Esperança, Companhia Holandesa das Índias Orientais (V.O.C. ), Fortaleza de São Sebastião, Fortificações, Ilha de Moçambique
**Sleutelwoorde**: Argitektuur, Fortaleza de São Sebastião, Ilha de Moçambique, Kasteel de Goede Hoop, Vereenigde Oost-Indische Compagnie (V.O.C.), Vestingwerke

In die loop van die 16de eeu het Spanje beheer oor die Nederlande verkry en in 1555 is Filipe II (1527-1598) van Spanje as koning gekroon. Maar die sewe noordelike Nederlandse provinsies het hulle met die Tagtigjarige Oorlog (1568-1648) teen die Spaanse oorheersing verset. In 1580 het Spanje ook Portugal beset en is die Spaanse en Portugese vorstehuise verenig in die persoon van koning Filipe II van Spanje, wat in Portugal as Filipe I (1527-1598) bekend gestaan het. Hy het alle Spaanse en Portugese hawens vir Nederlandse skepe gesluit sodat die Nederlanders se toegang tot Oosterse produkte afgesny was. Dit het die Nederlanders gedwing om self om die Cabo de Boa Esperança na die Ooste te vaar om die handelsware te bekom (Boxer 1991: 108; Duffy 1959:40).

Die Nederlandse pionier wat die pad na die verre Ooste sou aanwys, was die reisiger en skrywer Jan Huygen van Linschoten (*ca*.1563-1611). In 1580 het hy na Lissabon gegaan, waarvandaan hy in 1583 na Goa in Indië gereis het. Onderweg het hy ook van 5 tot 20 Augustus by Ilha de Moçambique vertoef. In die Ooste het hy soveel gegewens as wat moontlik is, versamel oor alles wat vir hom in Asië as belangwekkend voorgekom het. Hy het tot aan die begin van 1589 in Indië gebly en eers in 1592 via Lissabon na sy vaderland teruggekeer. Sy reisbeskrywings, *Itinerario*, wat in 1595 en 1596 in Amsterdam uitgegee is, was vir latere

seevaarders na die Ooste van groot waarde. Uit Portugese bronne het Van Linschoten die Portugese se seevaartgeheime versamel en in sy publikasies geopenbaar. Uit eie ervaring en deur navrae het hy ook ’n deeglike verslag oor Ilha de Moçambique saamgestel (De Kock 1976:865-866; Theal 1964:338-339).

In 1592 is Cornelis de Houtman (1565-1599) deur ’n aantal Amsterdamse handelaars na Lissabon gestuur om daar geheime inligting aangaande die Oos-Indiese handel in te samel. Toe De Houtman in 1594 na Nederland teruggekeer het, was Van Linschoten se gegewens reeds tot die geïnteresseerdes se beskikking (De Kock 1976:220; Gie 1955: 36). Met al hierdie inligting het die handelaars besluit om in ’n maatskappy, die eerste “Compagnie van Verre”, te verenig. Op 2 April 1595 het hulle eerste vloot, met Cornelis de Houtman as opperkommies of hoof van die handelsafdeling, Texel verlaat en om die Kaap die Goeie Hoop na die Ooste gevaar. Voortaan was handel deur Lissabon nie meer nodig nie (Van Hulzen 1970:272-273; Gie 1955:36). Verskillende maatskappye is gestig en mettertyd het ’n groot mate van konkurrensie tussen hierdie Nederlandse maatskappye ontstaan sodat ’n vereniging van die verskillende Nederlandse maatskappye dringend noodsaaklik geword het (De Booy 1986;41; De Kock 1976: 221).

Gelukkig het Nederland destyds in Johan van Oldenbarneveldt (1547-1619) ’n sterk staatsman gehad wat, met die hulp van die stadhouer en kaptein-generaal van die leër van die Republiek van die Verenigde Nederlande, prins Maurits van Nassau (1567-1625), die leiding kon neem en dit kon bewerkstellig dat al die mededingende Nederlandse maatskappye op 20 Maart 1602 in één groot Vereenigde Oost-Indische Compagnie (V.O.C.) opgeneem is. Die sentrale liggaam met die beslissende bevoegdhede was die Here XVII (Temminck Groll 2002: 64; Hammerton 1050; Gie 1955: 39-40). Die V.O.C. sou ’n monopolie op alle handel oos van die Kaap die Goeie Hoop hê en uitgebreide handels-, militêre en politieke magte is deur die State-Generaal aan die Kompanjie toegeken. Die oktrooi van die V.O.C. het onder meer bepaal dat die mag, die prestige en die rykdom van die Portugese in Asië uitgedaag moes word (Israel 1989:70-71).

Die stryd tussen Portugal en Nederland het in 1598-1599 met aanvalle van Nederlandse oorlogskepe op die Portugese eilande Príncipe en São Tomé begin, maar het later na aanvalle op Portugese nedersettings aan die kuste van Asië, Afrika en Brasilië verskuif (Boxer 1991:109).

Die oprigtingsoktrooi van die V.O.C. het aan dié maatskappy ’n handelsmonopolie op die hele gebied oos van die Kaap die Goeie Hoop tot by die Straat van Magellaan gegee. Die Indiese Oseaan het dus ’n belangrike deurgangsroete geword vir die maatskappy se vlote wat by die speseryhandel in Asië en Nederlands-Oos-Indië betrokke was. Dit was dus te verwagte dat die V.O.C. in die kuste aan en die eilande - waaronder Ilha de Moçambique – in die Indiese Oseaan belang sou stel (De Wet 2002:219-220). Die oninneembaarheid van die vesting op die eiland was moontlik een van die redes waarom die V.O.C. uiteindelik op die Kaap de Goede Hoop as halfwegstasie besluit het.

## Portugese inbesitname van Ilha de Moçambique

Die Ilha de Moçambique is ’n klein koraaleiland, minder as drie kilometer lank en gemiddeld sowat 350 meter breed en nagenoeg 600 meter op sy breedste, en lê op 15º02’ suiderbreedte en 40º44’ oosterlengte in ’n groot baai, Baía de Mossuril. Die afstand van die eiland na die vasteland wissel tussen ongeveer drie en vier kilometer (De Lima 1983: 29; Soveral 1887: 19; Lobato 1996: 11).

Volgens oorlewering van die inheemse Macúa of Makua in die omgewing van Ilha de Moçambique het ’n visserman genaamd Muìpíti hom lank voordat die Portugese die Indiese Oseaan bevaar het op die eiland gevestig. Sy stamgenote het dus na die eiland in hulle eie taal as *Èkisírua iá Muìpíti* [Eiland van Muìpíti] verwys (De Castro 1934: 1). Seevaarders van Persië en Arabië in hulle dhows was die eerste om die Indiese Oseaan te bevaar en het teen die agste eeu hulle verskyning as handelaars langs die kus van Mosambiek gemaak en Ilha de Moçambique veral van die 10de tot die einde van die 15de eeu as handelsentrum benut. Die handel op Ilha de Moçambique het rondom ivoor, goud en slawe uit Afrika gesentreer (Lobato 1996: 11; Da Cunha 1939: 14).

Daar bestaan verskil van mening oor die oorsprong van die naam van die eiland, maar Ilha de Moçambique [Mosambiek-eiland] het waarskynlik sy naam te danke aan Muça, die seun van M’biki of Mussal A’l Bik of Mussa Ben Mbiki’, ’n belangrike Arabiese sjeik of sultan wat op die eiland gewoon het voor die Portugese die eerste keer daar geland het en wie se naam deur laasgenoemde tot Moçambíki en later tot Moçambique vervorm en aan die eiland gegee is (De Castro 1934: 1).

Vasco da Gama (*ca.*1469-1524) se vloot het op 2 Maart 1498 in die omgewing van Ilha de Moçambique anker gegooi (Axelson 1988: 9). Tydens die tien dae wat hulle daar vertoef het, is aanvanklik ’n goeie verhouding tussen Da Gama en die Arabiese sjeik opgebou en was die sjeik bereid om met die Portugese handel te dryf en hulle van die nodige voorrade en loodse te voorsien om hulle reise voort te sit. Die verhouding tussen die Portugese en die Arabiere het mettertyd versuur sodat Da Gama op 29 Maart 1498 die Portugese beveel het om die seile te span sodat hulle kon vertrek, maar ’n sterk seestroom het hulle teruggedryf, sodat hulle eers op 1 April 1498 hulle reis finaal kon voortsit (De Goes 1964: 77-78 & 80; De Barros 1964: 71 & 78; De Kock 1957:144-149).

Sedert Vasco da Gama se besoek aan Ilha de Moçambique het die eiland die plek geword waar Portugese skepe op die uit- of terugvaart aangedoen het, maar in daardie stadium kon dit nog nie ’n verversingspos genoem word nie. Ilha de Moçambique het vir die Portugese, soos vir die Arabiere, ’n groot aantrekkingskrag gehad, omrede die inheemse mense van die vasteland die eiland moeilik sou kon aanval, die eiland oor ’n beskutte, ruim en altyd toeganklike natuurlike hawe beskik het en dat die vrugbare vasteland digby was, met bote bereik kon word en vrugte en groente daar gekweek kon word om in alle behoeftes van die inwoners van die eiland en seevaarders te voorsien. Bowendien sou die eiland as ’n veilige depot en handelsentrum kon dien vir produkte soos ivoor en later ook slawe wat in die hinterland versamel is (Theal 1964: 205-206).

Sofala was aanvanklik die belangrikste Portugese nedersetting aan die suidooskus van Afrika, maar het geleidelik agteruit gegaan namate Ilha de Moçambique in belangrikheid toegeneem het. (Garcia 1992: 122 &125; Rego 1965:66) Die Portugese het in 1502 ’n klein handelsnedersetting op Ilha de Moçambique begin, (Pereira 1985: 482) maar die eiland eers in 1507 formeel in besit geneem (Axelson 1973: 60) en ’n klein fort, die Forte de São Gabriel, opgerig waarna later as die *Torre Velha* [Ou Toring] verwys is. Dit was ’n eenvoudige struktuur, vierkantig in vorm en twee verdiepings hoog, met daaromheen klipmure met borswerings en skietgate. Met sy toring het die fortjie baie soos ’n tipiese klein Portugese kasteel gelyk. In die binneplein was magasyne, pakhuise vir handelsware en woonkwartiere vir die amptenare en die garnisoen (Correa 1964: 44; De Lima 1983: 30; Lobato 1945: 4; Da Cunha 1939: 97).

Namate die sieletal van die Portugese op die eiland toegeneem het, het hulle in 1522 ’n klein kerkie, *Capela de Nossa Senhora do Baluarte* [Kapel van Onse Liewe Vrou van die Bolwerke] opgerig. Die kapel het dié naam gekry omdat dit opgerig is op die plek waar aanvanklik ’n

bastion met batterygeskut gestaan het. Die kerkie is waarskynlik die oudste nog bestaande onderdakgebou in suidelike Afrika. Die klein venstertjies is in die vorm van sleutelgate en het ook as skietgate gedien (Axelson 1960: 3; Lobato 1945:61; Kirkman 1964: 209-210).

Ilha de Moçambique was die eerste plek in Afrika suid van die ewenaar waar Europeërs ’n permanente nedersetting gevestig het. Die toename in handel met die Ooste het vereis dat die handel op ’n meer geordende en energieke wyse geskied. Met die oog daarop is die amp van *Governador* [goewerneur] of *Vice-Rei* [onderkoning] van Indië in 1505 geskep. Sedert daardie datum was die goewerneur of onderkoning die hoogste wetgewende en uitvoerende mag in Portugees-Indië (De Castanheda 1964: 375; Jayne 1970: 72-74). Die onderkoning of goewerneur was in beheer van die *Estado da Índia* [Staat van Indië] wat teoreties van die Cabo de Boa Esperança tot die Verre Ooste gestrek en twaalf stede en 23 gefortifiseerde nedersettings ingesluit het. Drie van die gefortifiseerde nedersettings - waaronder Ilha de Moçambique - was aan die suidooskus van Afrika geleë. (Axelson 1960:2)

Die bestuurstelsel van die nedersetting op Ilha de Moçambique, waar’n *capitão* [kaptein] aan die hoof van die bestuur was, was betreklik eenvoudig. Hy was die verteenwoordiger van die Portugese koning en in beheer van die binnelandse en plaaslike kushandel. Hy was ook die militêre bevelvoerder en vir die verdediging van die nedersetting verantwoordelik. Die groot afstande tussen Ilha de Moçambique en die setels van Portugese gesag in Portugal en Indië het meegebring dat die *capitão* ’n groot mate van outonomie gehad het (Newit 1995: 109, 112 & 114; Van Aswegen & Verhoef 1982: 2-3).

Dit het spoedig geblyk dat die eerste fort op die verkeerde plek opgerig is en in elk geval nie teen ’n artillerie-aanval bestand sou wees nie. João de Castro, die goewerneur van Indië, het gevolglik in 1545 aanbeveel dat ’n nuwe vesting op die noordoostelike rotsagtige punt van die eiland gebou moes word wat feitlik heeltemal deur die see omspoel word. Maar De Castro het nie dadelik aan João de Sepúlveda, die *capitão* van Ilha de Moçambique, opdrag gegee dat met die bouwerk begin moes word nie omdat hy eers op goedkeuring van die koning gewag het. Koning João III (1502-1557) het De Castro se planne gesteun en ’n kenner van fortargitektuur, Francisco Pires, na Ilha de Moçambique gestuur, maar die vloot waarmee Pires gereis het, het weens ’n gebrek aan tyd nie by die eiland aangegaan nie, maar direk na Indië gevaar. Intussen is João de Sepúlveda in 1548 deur Fernão de Sousa Távora opgevolg as *capitão* van Ilha de Moçambique en uit Lissabon is ’n opdrag aan hom gegee om sonder die hulp van Pires met die bou van die fort te begin (Lobato 1945:.9; Axelson 1973:138-139).

Dit was eers in 1558 dat dona Catarina (1507-1578), weduwee van koning João III en regentes in die plek van haar minderjarige kleinseun, Sebastião (1554-1578), na aanleiding van ’n verwagte aanval van die Turke besluit het dat ’n eersteklas fort op Ilha de Moçambique gebou en die eiland tot die setel van die hoogste amptenaar aan die Ooskus van Afrika verhef moes word (Dos Santos 1964: 186-187; De Sousa 2002: 93 & 97; Pereira 1985: 116).

**Nederlandse blokkade van Ilha de Moçambique in 1604, 1607 en 1608**

Op 18 Desember 1603 het Steven van der Hagen (1563-1624) uit Nederland na Indië vertrek met ’n formidabele vloot bestaande uit twaalf skepe en ’n bemanning van 1 200 aan boord om die Portugese se beheer oor die handel met die Ooste oor te neem. Van der Hagen se vloot het op 17 Junie 1604 suid van Ilha de Moçambique opgedaag en daar anker gegooi. Fortaleza de São Sebastião het in daardie stadium net oor ’n klein garnisoen van sestig soldate beskik, maar die gebou is as oninneembaar sterk beskou. Op 8 Augustus 1604 het Van der Hagen met 150 man op die eiland geland. Behalwe dat hulle een huis laat afbrand het, het Van der Hagen en

sy geselskap verder geen skade aangerig nie en teen aandskemering ietwat teleurgesteld na hulle skepe teruggekeer. Van der Hagen was gretig om sy reis na die Malabarkus in Indië en die Molukke voort te sit, omdat hy besef het dat hy met die militêre mag tot sy beskikking nie die Portugese op die eiland sou kon oorwin nie. Op 25 Augustus 1604 het hulle vertrek (Theal 1896: 211-213; Welch 1950: 309-310; Axelson 1960:16; Van Kampen 1831: 140-141; Lobato 1945: 56) Die onneembaarheid van die Fortaleza de São Sebastião het ’n langdurige beleg ontmoedig en die eerste Nederlandse blokkade laat misluk (Duffy 1959: 40; Theal 1964: 354).


Die man wat vir die tweede Nederlandse blokkade van Ilha de Moçambique verantwoordelik was, was Paulus van Caerden (1569-1615). Teen die aand van 29 Maart 1607 het Van Caerden naby Ilha de Moçambique opgedaag met agt skepe en ’n seiljag, en ’n bemanning van 1 060 aan boord. Die Fortaleza, waarvan die bouwerk nog nie heeltemal voltooi was nie, was in ’n beter staat van verdediging as tydens die eerste blokkade deur Van der Hagen en die Portugese garnisoen, onder bevel van die dapper edelman Estevão de Ataíde (†1613), het uit honderd en vyftig man bestaan. Vroeg die oggend van 1 April 1607 het Van Caerden met tussen vyfhonderd en sewehonderd man en sewe groot kanonne aan land gegaan. Sonder teenstand het hulle die ontruimde dorp beset en die Dominikaanse klooster, Convento de São Domingo, met daarnaas die Igreja de Nossa Senhora do Rosário hulle hoofkwartier gemaak. Estevão de Ataíde het sy klein garnisoen aangespoor het om die Fortaleza ten alle koste te verdedig. Malariakoors en disenterie onder die Nederlanders het ook tot die redding van die Portugese gekom, want na weke se bombardement was die Nederlanders verplig om die blokkade op te hef en gedurende die vroeë oggendure op 16 Mei 1607 hulle ankers te lig en hulle seile te span.


Vir bykans veertien dae het Van Caerden se vloot tussen Ilha de São Jorge en Ilda de São Tiago vertoef om die skepe se tuigasie, ra’s, seile en rompe te herstel. Op 29 Mei 1607 het die Nederlandse skepe uiteindelik hulle ankers gelig en hulle agterstewes vir die Fortaleza gewys. Op 5 Augustus 1607 het Van Caerden na Ilha de Moçambique teruggekeer om sy blokkade voort te sit.

Nadat Van Caerden van versterkings op Ilha de Moçambique verneem het, het hy besluit om die stryd gewonne te gee. Nadat hulle nog enkele dae in die omgewing vertoef het, het Van Caerden en sy offisiere op 25 Augustus finaal besluit om van ’n blokkade van die eiland af te sien en die volgende dag het die vloot na Indië vertrek. Vyf maande is by Ilha de Moçambique verspeel sonder dat enige betekenisvolle resultaat behaal is (Afbeelding 1) (De Booy 1968: 20-22, 43, 45-46 & 112-114; De Barbuda 1964: 343-346, 364 & 372-373; Dos Santos 1964: 333-336; Axelson 1960: 19-20 & 23-24; Van Goor 1994:30; Da Cunha 1939: 171; Durão 1952: 66-70, 72-73 & 103).

Pieter Willemsz Verhoeff (Verhoeven) (1560-1609) se vloot het op 22 Desember 1607 van Texel uit Nederland na die Ooste vertrek. Eers op 23 Julie 1608 het Verhoeff sy offisiere ingelig omtrent sy geheime opdrag om Ilha de Moçambique, die sterkste Portugese bolwerk in Afrika, aan te val. Nog voordat die eilandbewoners hulle verwoeste wonings behoorlik kon herstel, het die sterk Nederlandse vloot, bestaande uit dertien vaartuie, waarvan nege skepe en vier sloepe was, met 377 kanonne en ’n bemanning van 1 840, onder bevel van Pieter Willemsz Verhoeff, met Frans Hendriksz Wittert as vise-admiraal, teen die middaguur op 28 Julie 1608 by Ilha de São Jorge en Ilha de São Tiago naby Ilha de Moçambique anker gegooi. Verhoeff was onder die indruk dat Van Caerden die Fortaleza de São Sabastião verower het en het daarom die eiland met wapperende baniere en vaandels en salvo’s genader. Groot was die Nederlanders se verbasing toe Estevão de Ataíde hulle met ’n wapperende Portugese vlag en twee kanonskote uit die Fortaleza laat weet het dat die Portugese gereed vir hulle was. Sewehonderd Nederlanders, onder bevel van generaal Frans Hendriksz Wittert, het op die eiland aan land gegaan. Die Nederlanders

het weer die loopgrawe oopgegrawe wat tydens die vorige blokkade van die klooster na die ingang van die Fortaleza gegrawe is. Twintig tree van die muur van die Fortaleza af het hulle twee skanse opgerig. Op een dag het hulle driehonderd rondtes na die Fortaleza afgevuur en daarin geslaag om ’n gedeelte van die vestingmuur tussen die bastions São Gabriel en Santo António te beskadig, maar die Nederlanders het geen poging aangewend om die Fortaleza te bestorm nie, wat aan die Portugese die geleentheid gebied het om daardie nag die opening in die vestingmuur met rotse, grond en sandsakke toe te pak. Op 11 Augustus 1608 het generaal Wittert besluit om die blokkade op te hef.



**Afbeeldings 1 & 2**
**Afbeelding 1: Kaart van Ilha de Moçambique wat in ca. 1750 in opdrag van goewerneur Francisco de Melo e Castro geteken is. Die Fortaleza word heel links op die noordoostelike punt van die eiland aangedui, saam met voorstelle vir die moontlike verbeteringe daaraan (B), asook die ander forte. (De Lima 1983:20).**
**Afbeelding 2: Die oorspronklike noue verband tussen die Kasteel en die baai voor die drooglegging van diestrandgebied, ’n tekening van Lady Anne Barnard, *ca.* 1800. (Fairbridge 1924:26).**

Gedurende die nag van 23 Augustus 1608 het Verhoeff ’n skoot laat afvuur om aan te dui dat die skepe in sy vloot hulle vir die vaart na Indië moes voorberei en vroeg die volgende oggend is die ankers gelig. Verhoeff kon nie daarin slaag om die Portugese garnisoen van slegs honderd en vyftig man tot oorgawe te dwing nie. Nogmaals het die Portugese verdedigers se morele moed en, daarteenoor, die gebrek aan dissipline en drostery aan die kant van die Nederlanders grootliks daartoe bygedra dat Verhoeff en sy bemanning nie die Fortaleza kon verower nie (Van Opstall 1972: 41, 53, 57-59, 61, 64, 66-68, 214, 219-220 & 223; Axelson 1960: 24-28; Welch 1950: 316-317 & 320; De Barbuda 1964: 374-375; Cacegas 1964: 394; Durão 1952: 73-74 & 81).

Gerugte van Nederlandse aanvalle op Ilha de Moçambique was van 1619 tot 1621 voortdurend in omloop (Axelson 1960:62). Op 28 Junie 1622 het ’n Anglo-Nederlandse vloot naby Ilha de São Jorge anker gegooi, maar weens verdeeldheid in eie geledere onsuksesvol probeer om Ilha de Moçambique te verower. Op 12 Junie 1641 is ’n traktaat tussen Portugal en Nederland gesluit waarin by name bepaal is dat “de stadt en fortresse Monsambicque” ’n Portugese besitting sou wees. Hierdie traktaat is onderskeidelik op 18 November 1641 deur die Portugese Koning, João IV, en op 22 Februarie 1642 deur die State-Generaal van Nederland geratifiseer. Daardeur is die stryd om die besit van Ilha de Moçambique tussen Portugal en Nederland beëindig (Newitt 1995: 171). Ten spyte van dié traktaat van 1641 en die traktaat wat in Augustus 1661 in Den Haag tussen Portugal en die Nederlande gesluit is, het Nederlanders in 1663 nog ’n vierde futiele poging aangewend om die Fortaleza de São Sebastião van die Portugese te verower (De Oliveira Marques 1972:329; Duffy 1959: 40).

Die Nederlanders het na die mislukte blokkades van Ilha de Moçambique elders met stelselmatige aanvalle en verowerings op Portugese kernsentrums voortgegaan. Die Portugees-Nederlandse stryd het in 1663 tot ’n einde gekom met die Nederlandse verowering van die Portugese nedersettings aan die Malabarkus van Indië. Die enigste plekke waar die Nederlanders nie daarin geslaag het om die Portugese te verdryf nie, was Macao en die Indonesiese eilande Timor, Solor en Flores.

Oorvereenvoudig was die koloniale oorlog tussen Portugal en Nederland oor die speseryhandel van Asië, die slawehandel van Wes-Afrika en die suikerhandel van Brasilië, wat op ’n oorwinning vir Nederland in Asië, ’n gelykopstryd in Wes-Afrika en ’n oorwinning vir Portugal in Brasilië uitgeloop het. Die wedywering en gepaardgaande haat tussen die Portugese en Nederlanders het mettertyd getaan en is uiteindelik beëindig deur die traktaat wat in Julie 1669 tussen die twee groepe gesluit is (De Oliveira Marques 1972: 320-321, 329, 358 & 378; Boxer 1991: 109-111; Van Aswegen 1980: 142-144).

**Die Portugese, die Nederlanders en die Suidpunt van Afrika**

Die Portugese het weinig belangstelling in die suidpunt van Afrika getoon, behalwe dat hulle partykeer gedwing was om vars water by Bahia de São Brás, die huidige Mosselbaai, in te skeep of om tydens storms in baaie skuiling te soek (Garcia 1992: 123). Al het die Verdrag van Tordesilhas in 1494 die oostelike halfrond as ’n uitsluitlik Portugese invloedsfeer afgebaken en die suidpunt van Afrika by implikasie ’n onderdeel van die Portugese handelsryk gemaak, was die Portugese meer geïnteresseerd in die kusstroke van die gebiede wat tans as Angola en Mosambiek bekend staan. Verskeie faktore het daartoe bygedra dat die Portugese nie in die vestiging van nedersettings aan die suidpunt van Afrika belang gestel het nie. Die stormwinde en onvoorspelbare seestrome rondom die suidpunt van Afrika het hulle afgeskrik. Die *Cabo Tormentoso* [Stormkaap] was ’n geografiese hindernis, nie ’n land om te besoek of te leer ken nie. Voorts het die skynbaar onoorkomelike bergreekse, onbevaarbare riviere, gebrek aan veilige natuurlike hawens en dorheid van die weskus daartoe bygedra dat die Portugese besluit het om die suidpunt van Afrika so ver as wat dit moontlik was, te vermy. Die suidpunt van Afrika het bowendien nie produkte soos goud en speserye gelewer waarin hulle in daardie stadium belanggestel het nie en het dus weinig handelsmoontlikhede gebied (Welch 1952: 14-15 & 130; Theal 1897: 26-27; Muller 1969: 10; Diffie & Winius 1977: 345).

Aanvanklik het die Nederlandse skepe dieselfde roete as die Portugese na Indië gevolg. Volgens party skrywers was die Ooskus van Afrika vir die Nederlanders van weinig belang omdat die kortste seeroete na die Oos-Indiese eilande direk van die suidpunt van Afrika oor die Indiese Oseaan gegaan het en hulle dus geen behoefte aan hawens aan die Ooskus gehad het nie. Maar dit is nie heeltemal juis nie, want hoe word die Nederlanders se pogings om Ilha de Moçambique in 1604, 1607, 1608 te verower dan verklaar? Die mikpunt van die Nederlanders was in hierdie stadium die Soendastraat en om dit te haal, moes hulle van die Kaap af die kus van Afrika verlaat, met die westelike winde tot naby die kus van Australië vaar en vandaar met die suidoostewind Java bereik. Ook op die terugvaart het hulle oor die Indiese Oseaan ver suid van Madagaskar na die suidpunt van Afrika gevaar. Dit verklaar waarom die Nederlanders daarna geneig was om hulle reis in Tafelbaai te onderbreek (Van Hulzen 1970: 277-278; Van Aswegen 1980: 143; Theal 1964: 217; Gie 1955: 43-44).

Verskeie vooraanstaande historici het in die verlede daarop gewys dat die mislukte pogings van die Nederlanders om die Fortaleza de São Sebastião op Ilha de Moçambique te verower, beslis een van die redes was wat daartoe bygedra het dat hulle besluit het om in 1652 ’n verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop te stig. Onder hierdie geskiedkundiges is José

Manuel Garcia (Garcia 1992: 123 & 125), Portugese kenner van die ontdekkingstogte, Charles Ralph Boxer (1904-2000) (1961:50; 1991: 111), Britse outeur van standaardwerke oor die Portugese en Nederlandse oorsese ryke, en Willem Philippus Coolhaas (1899-1981), onder meer professor in Nederlandse en Europese Oorsese Betrekkinge aan die Universiteit van Utrecht in Nederland en outeur van talle publikasies wat oor die Nederlandse koloniale ryk handel (Coolhaas 1977:818; Davies 1961: viii). Eric Victor Axelson (1913-1998), sonder twyfel die grootste kenner van die Portugese se vestiging aan die suidooskus van Afrika, was van mening dat die Portugese se suksesvolle verdediging van Ilha de Moçambique een van die beslissende militêre gebeure in die geskiedenis van Suid-Afrika was. Indien die Nederlanders die eiland verower het, sou hulle byna verseker ’n vlootbasis en verversingspos vir hulle seevaart na die Ooste daar opgerig het. Die Portugese sou waarskynlik nie in staat gewees het om die eiland te herower nie en sou eventueel ook hulle ander nedersettings langs die Oos-Afrikaanse kus moes prysgegee het. Die huidige Mosambiek sou dan waarskynlik Nederlands en nie Portugees gewees het nie. Dan sou die Nederlandse nedersetting aan die Kaap waarskynlik ook nie tot stand gekom het nie – met verreikende gevolge vir die hele streek (Axelson 1960: 28-29).

Die Kaapse verversingspos was nie ’n onmiddellike suksesverhaal nie, want die aanvangsjare is deur tekorte aan proviand vir die bemanning van besoekende skepe en die plaaslike garnisoensvolk gekenmerk. Die feit dat Ilha de Moçambique met die stigting van die V.O.C. se verversingspos aan die Kaap in 1652 reeds vir byna ’n eeu en ’n half ’n Portugese besitting was het die Kaapse bewindhebbers nie ontmoedig nie. In 1653 het ’n Duitse Jesuïetepriester, Martinus Martini, aan die Kaap vertoef en vertel dat daar goeie baaie, riviere en inhamme aan die Ooskus voorgekom het waar handel in goud, ambergrys, ivoor, ebbehout en slawe met die inheemse mense gedryf kon word. Hy was van mening dat dit moontlik was om die Portugese van die eiland te verdryf. Op grond van Martini se verslag het die Politieke Raad in Junie 1654 besluit om die *Tulp* so spoedig moontlik uit te rus om ’n verkenningsvaart langs die Ooskus te onderneem. Sekunde Frederick Verburgh is as bevelvoerder aangewys, terwyl Casper van Weede die reis sou meemaak om die kuslyn te karteer (De Wet 2002: 221 & 236).

Dit was die begin van ’n tydperk waarin die V.O.C. weer probeer het om die Portugese van die Ooskus van Afrika te verdryf. In 1662 het die Here XVII ’n vloot van agt skepe onder admiraal Hubert de Lairesse gestuur om die Portugese besittings op die Ooskus van Afrika en in Indië aan te val. Nadat die vloot Tafelbaai in September 1662 verlaat het, het teëwinde die skepe agt weke lank in die Mosambiek-kanaal vertraag, terwyl skeurbuik en ooskuskoors ’n geweldige tol onder die bemanning geëis het. De Lairesse was verplig om sy militêre oogmerk teen die Portugese te laat vaar en het sy reis na Batavia voortgesit. Die mislukking van De Lairesse se ekspedisie het die V.O.C. se pogings beëindig om die Portugese met militêre mag uit Oos-Afrika te verdryf. Vir die res van die sewentiende eeu het die Kompanjie gepoog om as mededingers van die Portugese in die gebied op te tree. Op subtiele maniere is probeer om die Portugese se handel met die inheemse mense deur verdagmakery te benadeel. Maar wanneer die Nederlanders Portugese nedersettings besoek het, het hulle hulle in opdrag as die Portugese se vriende voorgedoen “roemende seer onser beijder natien goede harmonie”. Hulle het ook opdrag gehad om onder geen omstandighede die Portugese oor die werklike doel van hulle besoeke in te lig nie, naamlik om die kuslyn te verken en handelsmoontlikhede te ontgin. Maar die Portugese was nie heeltemal so naïef nie en nadat dit vir die V.O.C. duidelik geword het dat hulle nie die Portugese se handelsmonopolie in die omgewing van Ilha de Moçambique sou kon verbreek nie, het die Kaapse regering besluit om voortaan hulle op Delagoabaai as moontlike handelsgebied toe te spits (De Wet 2002: 237-240). Maar Nederland se belangrikste nedersetting in Afrika was die Kaap die Goeie Hoop, waar hulle eers ’n fort en later die Kasteel de Goede Hoop as vestingwerk opgerig het.

**Fortifikasie na die koms van buskruit en kanonne**

Beide die Fortaleza de São Sebastião en die Kasteel is deur vyftiende eeuse Italiaanse verdedigingswerke beïnvloed.

Nadat buskruit teen die middel van die 13de eeu in Europa deur die Moslems bekend geword het, het dit tussen 1450 en 1550 as dryfmiddel vir skietwapens die kuns van oorlogvoering revolusionêr verander (Rice 1978:10; Pereira 1985: 267). Teen die middel van die sestiende eeu is artillerie reeds suksesvol teen Middeleeuse klipkastele en stadmure aangewend. In 1453 het die Ottomaanse Sultan, Mahomet II (regeer 1451-1481), 14 kanonbatterye aangewend om onherstelbare bresse in die sterkste Europese stadsmure, dié van Konstantinopel, te slaan. Dit het hy in net meer as 'n maand vermag – terwyl vroeëre beleërings dikwels jare geduur het (Hodgson 1974: 560).

In Wes-Europa is die doeltreffendheid van die nuwe wapens tydens die laaste jare van die Honderdjarige Oorlog (1338-1453) tussen Engeland en Frankryk beproef. In net 104 dae gedurende 1449 tot 1450 het Charles VII (1403-1461) sestig beleëringsoperasies afgehandel. Hy was so suksesvol dat slegs die opstelling van sy kanonne soms stede dadelik tot oorgawe gedwing het (Rice 1978: 11). In c.1520 het Niccolò Machiavelli (1469-1527) die waarde van enige fortifikasie bevraagteken en tot die besluit gekom dat vele prinsdomme sonder hulle minder kwesbaar as met hulle was (Machiavelli 1952: 107-108). Hy was van mening dat geen muur uiteindelik voor kanonne kon bly staan nie. Die aard van die Middeleeuse fortifikasie of stadsmuur moes gevolglik teen die verwoestende krag van die nuwe wapens aangepas word.

Hoë vertikale mure is links gelaat. In die plek daarvan het veel laer, dikker en geskuinsde mure – wat die krag van projektiele beter kon weerstaan of afkets en wat ook die verdedigende kanonne kon dra – verskyn. Torings is eweneens verlaag, met grond gevul of in bastionne, wat buite die mure gestulp het, omskep. Dyke of gragte is om die mure gemaak en die uitgegraafde grond en klip is aangewend om skuins *glacis* aan die buitekant van die gragte te vorm. Hierdie walle was afgeskuins na aanleiding van die skietlyne van die vesting se eie kanonne sodat die aanvallende vyand steeds binne die veld van vuur kon bly, maar 'n direkte kanonaanslag op die vesting se mure verhoed is.

Die voorlopers met die nuwe ontwerpe was die stadstate van die Italiaanse Skiereiland. Argitekte en selfs kunstenaars het as militêre ingenieurs begin werk en die ontwerpe algaande verfyn. Michele Sanmichele (1484-1559) is in 1526 deur die Pous in diens geneem om Parma en Piacenza te fortifiseer en later was hy in bevel van die verdedigingswerke van Verona (1530) en Venesië (1535). Baldassare Peruzzi (1481-1536) is in 1527 as stadsargitek van Sienna aangestel en het hom hoofsaaklik op die fortifikasie van die stad toegelê. In Milaan was Antonio Averlino (c.1400-1460), beter bekend as Filarete, verantwoordelik vir die oprigting van die kasteel vir Frederico Sforza en later het hy die ideale stad, *Sforzinda*, ontwerp. Dit was binne 'n agtpuntige ster omring deur 'n sirkelvormige grag en is van die eerste van die vorms wat later as die *trace italienne* [Italiaanse buitelyn] of sterfort bekend sou word (Fleming et al 1991: 333, 386; Fletcher 1963: 684, 732).

Dié vorm en die beginsels daarvan is in die jare dertig en veertig van die sestiende eeu uit Italië na die res van Europa geneem en oor die volgende drie eeue toegepas. Italiaanse ingenieurs was in groot aanvraag en het deur die hele Wes-Europa gereis en gehelp om nuwe vestings op te rig. Portugese argitekte het ook in Italië studeer en Italiaanse meesters, wat deur die hof in diens geneem is, het in Portugal gewerk. Leonardo Torriano van Cremona het hom teen die tweede helfte van die sestiende eeu in Lissabon gevestig en is daar as Superintendent-Generaal van fortifikasies aangestel. Die ontwerp van die *Fortaleza de São João da Barra* te Oeiras naby Lissabon word deur sommige historici aan hom toegeskryf (Cabrita 1986: 170).

Francisco de Hollanda (1517-1584), die seun van ’n Nederlandse kunstenaar, is in Lissabon gebore en het verskeie jare in Rome deurgebring waar hy saam met verskeie bekende argitekte en kunstenaars gewerk het (Fernandes 1991: 62). En Miguel de Arruda, die argitek van die Fortaleza de São Sebastião, het in die Lae Lande studeer. Een van die Italianers wat die kuns van bastionering na Nederland geneem en in 1547 vir die ontwerp van Fort Rammekens by Vlissingen verantwoordelik was, was Donato de Boni (Ploeger 1968: 79; Fletcher 1963: 831).

Voor hierdie datum is die stad Breda reeds in 1531-1536 met bastionne versterk (Temminck Groll 2002: 58). Dit was tydens die Tagtigjarige Oorlog met Spanje (1568-1648) en veral gedurende die twaalfjarige wapenstilstand (1609-1621) dat vestingboukunde in Nederland snel ontwikkel het. Simon Stevin (1548-1620), gebore in Brugge en later professor in Wiskunde in Leiden, word as die vader van hierdie ontwikkeling beskou. (Schukking 1947: 19) Stevin het hom op ’n wiskundige stelsel vir die bou van versterkings en die aanwending van water as vededigingsgordel toegelê (Ploeger 1968: 79). In sy boek, *Sterctenbouwing* (1634) ondersoek hy ’n ideale vesting as ’n gebolwerkte reëlmatige seshoek wat na alle kante ewe sterk is. ’n Tydgenoot was die vestingbouer, Adriaen Antonisz (1529-1609), wat aan die Nederlandse stelsel tydens die oorlog praktiese uitvoering moes gee en die versterking van vele Nederlandse stede gemoderniseer het (Schukking 1947: 22-23).

Die rondeel of laer ‘muurtoring’ is nog na 1632 gebruik om die mure van Maastricht te versterk, maar die swaarder vyfhoekige bastion wat loodreg by die *courtine* (muur tussen bastionne) aansluit, was ’n Nederlandse ontwikkeling. Hierdeur kon die *courtines* en al die sye van die bastionne met flankvuur beskerm word sonder dat daar enige dooie vuurruimtes was. Die reëlmatige vorm is bepaal deur die afstande tussen die bastionne, op hulle beurt bepaal deur die effektiewe reikafstand van die handgewere (Schukking 194:16-18).

Tussen 1630 en 1700 is vestingwerke gedurig vernuwe, eers deur Hendrick Ruse (1624-1679) wat in 1654 ’n boek, *Versterckte Vesting*, publiseer het waarin hy die ou Nederlandse versterkingstelsel aangepas het en vanaf 1658 die kans gekry het om sy teorieë toe te pas met die herontwerp van die sitadels van Harburg, Kalkar en Kopenhagen. Hy het buiteskansings tussen twee gragte aangebring en die vorm van die bastionne verander om sywaarte vuur langs die mure van die vyfpuntige sitadel te verbeter (http://home.worldonline.dk/fgr/citadel/ citadel.htm).

Menno Baron van Coehoorn (1641-1704) word in Nederland op gelyke voet met sy voorganger, Simon Steven, en sy Franse tydgenoot, Sébastien le Prestre de Vauban (1633-1707), gehuldig. Sy verwerkte stelsel het wegbeweeg van die formalistiese en ‘volmaakte’ wiskundige presiesheid van afmetings om die eise van die wapens sowel as die landskap te akkommodeer.


Van Coehoorn en Vauban tree tydens en na die oorlog tussen Nederland en Frankryk (1672-1678) op die voorgrond. Tydens die oorlog is besef dat die Oudnederlandse stelsel uitgedien was, veral na die inname van Maastricht in 1673 (Ploeger 1968: 90). In 1692 het die Franse, onder leiding van Vauban, Namur na ’n maandlange beleg ingeneem. Die garnisoen onder bevel van Van Coehoorn is toegelaat om die stad te verlaat en die Franse het ekstra versterkings tot die bestaande gevoeg, maar dit kon nie verhoed dat Van Coehoorn die stad in 1695 terug gewen het nie (http://en.wikipedia.org/wiki/Siege_of_Namur).

Beide Van Coehoorn en Vauban het veel meer op die inname van fortifikasies as die verdediging daarvan konsentreer en beide het, waar dit kon, die bestaande behou en verbeter om by die vereistes van die tyd aan te pas. Vauban se stelsels vir die ontwerp van fortifikasies is waarskynlik eers na sy dood gekodifiseer (Faucherre 1992: 32-35; Kerkwijk 1846: 49).

**Fortaleza de São Sebastião**

Om die nuwe fort te beplan, is die Portugese ingenieur-argitek, Miguel de Arruda (†1563), wat sy opleiding in Vlaandere ontvang en later vir die ontwerp van dele van die Eskuriaal in Spanje verantwoordelik was, na Ilha de Moçambique gestuur. De Arruda het ook in Portugal belangrike werk gedoen. Hy was byvoorbeeld van 1533 tot met sy dood in 1563 by die oprigting van die *Mosteiro de Santa Maria da Vitória* [Klooster van Onse Liewe Vrou van Oorwinning] in Batalha betrokke. Van 1559 tot 1563 het hy oor die bou van die *Igreja de Santo Antão* [Kerk van die Heilige Antonius] in Évora toesig gehou. Maar die rede waarom De Arruda as argitek van die Fortaleza de São Sebastião aangewys is, was waarskynlik omdat hy in 1556 vir die ontwerp van dele en toesig oor die oprigting van die soortgelyke *Fortaleza de São João da Barra* [Fort van die Heilige Johannes van die Hawe-ingang] by Oeiras, digby Lissabon, verantwoordelik was en ook die vestingwerke by Keuta ontwerp het (De Almeida 1976: 128-129; Fernandes 1991:38; De Andrade 1992: 76,88 & 94; Gil & Cabrita 1989: 170-171). Die *Fortaleza de São João da Barra* by Oeiras was pas voltooi toe hy die nuwe taak aangepak het. Die ooreenkomste tussen die Fortaleza by Oeiras en die een op Ilha de Moçambique is opvallend.

De Arruda het op die noordoostelike punt van Ilha de Moçambique as die geskikste plek vir die oprigting van die fort besluit omdat skepe daar moes verbyvaar om by die ankerplek te kom. Die bouwerk aan die Fortaleza de São Sebastião het in 1558 onder toesig van De Arruda ’n aanvang geneem. Die harde arbeid aan ’n bouwerk van hierdie omvang, is hoofsaaklik deur slawe gedoen, maar opgeleide vakmanne was ook nodig. Die mure is gebou van groot granietblokke wat indertyd as ballas in die skepe uit Portugal saamgeneem is, asook van gedresseerde koraalblokke wat uit die koraalrif op die eiland gekap is. Klein loopstrate en ’n digte woonbuurt het vandag die groot, vlak groef is oorgeneem. Die basiese bouwerk is teen 1583 afgehandel, maar daarna is kleiner aanbouings en veranderings aangebring, sodat die bouwerk eers in 1620 voltooi is (Dos Santos 1964: 316; Lobato 1945: 55; Slater 1994: 140).



**Afbeelding 3**
**Forteleza de São Sebastião, Ilha de Moçambique: Die bastionne São João en Gabriel aan weerskante van die poort, gesien vanaf die strand voor die hawe (Foto: Schalk le Roux 2007).**

Die Fortaleza op die noordoostelike hoek van die eiland word aan drie kante deur die see omspoel. Die grondplan van die Fortaleza is trapesoïedaal met sye wat die natuurlike lyne van die lae koraalrif volg. (Afbeeldings 3 & 4). Op elke hoek is ’n bastion of bolwerk. Die mure is afgeskuins en stewig gebou, soos die toestand daarvan na 450 jaar steeds getuig.

Die Fortaleza het aanvanklik drie ingange gehad; die hoofingang landwaarts tussen die bastions São Gabriel en Santo António, ’n ingang van die hawe tussen die bastions São Gabriel en São João en ’n geheime ingang van die borswering in die middel van die muur aan die seekant. Die vloer van die hoofingang is ongeveer 1,5 meter bo die grondvlak buite en voor die ingang was ’n houtbrug oor die grag wat oor die volle lengte van die bouwerk gestrek het. Op planne (1602, 1636, 1648 en 1750) word aangedui dat die grag agter grondwalle beskerm was (De Lima 1983: 16, 20; Axelson, 1960:154; Lobato 1996: 25). Die grag is later ingevul en of die grondwalle opgerig of slegs beplan is, is moeilik om te sê. Hiernaas was die paradegrond wat ’n groot oop en onbeboude ruimte tussen die fort en die dorp geskep het.

In die plafon van die ingang was gate waardeur aanvallers met voorwerpe en geweervuur bestook kon word. Nadat die borswering deur die see vernietig is, is die geheime ingang verseël en is by elkeen van twee seewaartse bastions ’n geheime ingang gemaak. Die hele struktuur is Fortaleza de São Sebastião genoem, maar elke bolwerk het ook ’n eie naam gehad. Die São Gabrielis die grootste bolwerk, het plek vir 24 kanonne en kyk op die nedersetting en hawe uit, terwyl die uitkyk van die ander drie bastions seewaarts is. (Lobato 1945: 42; Kirkman 1964: 210-212) Van buite is die borsweringmure twaalf meter hoog met ’n omtrek van 750 meter, waarop tussen 300 en 400 kanonne seewaarts geplaas is as afskrikmiddel vir enige vyand wat dit te naby gewaag het (Alexander 1971: 156). In die Fortaleza is magasyne vir buskruit en ammunisie en pakhuise vir voedsel en ander voorrade. (Dos Santos 1964: 316) Die *Capitão* van Ilha de Moçambique het in die Fortaleza gewoon en enkele kapteins (en latere goewerneurs) is binne die fort begrawe (Axelson 1960: 3; Huibregtse :205-206).





**Afbeeldings 4 &5**
**Afbeelding 4: Die Capela de Nosa Senhora do Baluarte net buitekant die bastion São João. Met hoogwater reis die mure van die fort tot 15m hoog direk uit die water op. (Foto: Schalk le Roux 2007)**
**Afbeelding 5: Kasteelpoort tussen die bastionne *Buuren* en *Leerdam* agter die grag en keerwal (Foto: Schalk le Roux 2008).**

Die gebrek aan vars water is aanvanklik as die fort se grootste tekortkoming beskou. Water is per boot van die vasteland na die eiland vervoer. In die Fortaleza is onder leiding van Sebastião de Macedo in 1605 ’n enorme waterreservoir, die *Cisterna Grande*, met ’n inhoud van 1 200 ton gebou, wat in 1692 in opdrag van Tomé de Sousa Correia verder vergroot is. Daar is ook ’n kleiner reservoir van 100 ton. Die water word verkry van reën wat op die skuins dakke van die geboue binne die fort en die bastions val. Die water wat so verkry is, het van die een

reënseisoen tot die volgende in die behoefte van die eilandbewoners voorsien (Lobato 1945; 53-54; Dos Santos 1964: 316; De Lima 1983: 31; Lobato 1996: 20).

Alle akkomodasie, uitgesluit die kerk (*Igreja de São Sebastião*) en die watertenks en twee van die arsenale, is teen die binnemure van die fort gebou. Dit het ’n oop ruimte van omtrent 6000m$^2$ gelaat. Van hier het twee wye en geleidelikke hellings vir die beweging van kanonne na en van die mure gesorg. In die 16de eeu was die Fortaleza die grootste struktuur wat deur Europeërs in Sentraal- en Suidelike Afrika opgerig is. ’n Garnisoen van tussen 1 000 en 2 000 soldate kon daarin gehuisves word (Alexander 1971: 154 &156; Slater 1994: 141), maar aanvanklik het die garnisoen slegs uit 100 soldate met ’n hoofkanonnier en vyf bombardiers bestaan (Axelson 1960: 3).

In opdrag van koning Afonso VI (1643-1683) is ’n arsenaal vir krygsvoorraad in 1665 in die Fortaleza opgerig. Capitão-general Francisco de Melo e Castro het van 1752 tot 1754 talle verbeteringe laat aanbring en van die geboue in die binneruim is waarskynlik in sy tyd opgerig. Ook in 1875-1876 is onder leiding van generaal José Guedes de Carvalho e Menezes aansienlike veranderinge in die binneplaas aangebring om in die behoeftes van daardie tyd te voorsien. In die binneplein is steeds die Igreja de São Sebastião, wat in 1859 as skool, kombuis en eetsaal vir die eerste *Batalhão de Caçadoras* [Jagters Bataljon] diens gedoen het. Nadat Portugal in 1910 ’n republiek geword het, is ’n klein garnisoen steeds in die Fortaleza gehuisves, maar het dit ook as ’n gevangenis gedien – onder meer vir politieke gevangenes (Lobato 1945: 42,48 & 54-55; Da Cunha 1939:99 & 177; Guedes 2005:19; Kirkman 1964: 210 & 215). Tans word enkele lokale in die binneruim van die Fortaleza as klaskamers vir hoërskoolleerlinge gebruik. Die Fortaleza is in ’n relatief goeie staat en een van die belangrikste besienswaardighede op die eiland. Tans is dit moontlik die indrukwekkendste historiese monument aan die kus van Oos-Afrika. (Kirkman 1964: 210,212 & 215) Die Bairro Museu-gedeelte, wat ongeveer twee-derdes van die eiland beslaan en die Fortaleza insluit, is in 1991 deur UNESCO tot Wêrelderfenisterrein verklaar (Capão 1996:69-70 & 72; De Lima 1983:synopsis).

Dit word duidelik uit die Nederlandse blokkades en aanvalle op die eiland dat die Fortaleza die vernaamste verdedingswerk was. Hoewel daar ook op die suidoostekant fortjies om die kerk van Santo António en op die klein eiland van São Lourenço gebou is en die *alfândega* of doeanekantoor met sy bergplek vir waardevolle items ’n fortagtige voorkoms gehad het, het die kleiner verdedigingswerke ’n mindere rol in die verdediging van die eiland gespeel. Hierdie versterkte bouwerke is links gelaat wanneer daar werklike gevaar was en al die bewoners is na die Fortaleza geneem. Die dorp is gevolglik gereeld verwoes, sonder dat die Fortaleza ingeneem en die Portugese beheer van die strategiese pos beëindig kon word.

**Die Kasteel de Goede Hoop**

Hendrik Brouwer (1580-1643) se ontdekking van ’n seeroete direk na die Soendastraat in 1611, drie jaar na die laaste poging deur die Nederlanders om Ilha de Moçambique in te neem, het die belang van die Kaap as rus- en verversingspos vergroot en in 1616 het die Here XVII ’n resolusie aangeneem dat alle skepe daar moes aandoen (Boxer 1965:197-8; Roux 1925: 2). Tog het dit meer as drie dekades geduur alvorens hulle tot die stap oorgegaan het.

Hoewel die V.O.C. ’n gevestigde hawe of minstens ’n onbewoonde eiland as afstapplek op die seeroete na die Ooste verkies en, selfs na die stigting van die verversingspos aan die Kaap daarná bly soek het, was dit teen 1656 duidelik dat die halfwegstasie in Tafelbaai ’n permanente instelling sou word. Do Cerne, wat sedert 1598 deur die Nederlanders as verversingspos gebruik en na Mauritius herdoop is, het nie aan die verwagtinge voldoen nie (Masselman 1963: 113;

Mentzel 1921: 155; Leibrandt 1898: 50) en was teen dié tyd ver van die gekose seeroete suid van Madagaskar.

’n Latere poging om Mauritius te koloniseer was onsuksesvol met die gevolg dat dit in 1710 finaal as aandoenplek in die Indiese Oseaan deur die Kaap vervang is. Na 1649 is ook St Helena gering geskat en in die tyd van die tweede kommandeur, Zacharias Wagenaer (1662-1666), slegs as noodruspunt gebruik (Godée Molsbergen 1912: 64). Daar is voortgegaan met die soektog na ’n eiland waar geen probleme met ’n plaaslike bevolking ondervind sou word nie, maar ook Tristan da Cunha het ongeskik geblyk en St Helena Nova ’n hersenskim. (Böeseken, 1957: 65) Kommissaris Rijkloff van Goens se fantastiese plan waardeur die Kaapse nedersetting “van’t vasteland van Africa sal konnen affgesneden warden, daermee wij van alle quellingen souden bevrijt zijn…” is in 1658 deur die Bewindhebbers in die kiem gesmoor nadat Batavia reeds in 1655 twyfel oor die haalbaarheid daarvan uitgespreek het (Böeseken 1957: 249; Böeseken 1974: 129).

Teen hierdie tyd was die fort wat die eerste Kommandeur, Jan van Riebeeck (1619-1677), moes bou voltooi en het vele gebreke aan die lig gekom, die belangrikste waarvan dat die grondkonstruksie nie teen die wind en reën bestand was nie en gedurige onderhoud vereis het (Böeseken 1957: 115, 210, 248). Daar is ook oor die ligging daarvan getwyfel. Op sy eie sou die fort nie in staat gewees het om ’n landing in die wye baai te voorkom nie en dit was moontlik kwesbaar vir vyandelike kanonvuur vanaf die hange van Leeukop en Seinheuwel. (Roux 1925: 3-4). Dit was te klein vir die groeiende aantal manskappe en die pakhuise kon nie uitgebrei word om die koopware wat daar versamel het, te huisves nie. Die mislukking om Ilha de Moçambique in te neem kon ook tot die bou van hierdie meer permanente fortifikasie bygedra het.

Dit was gou duidelik dat ’n groter en sterker vesting nodig was, maar die Here XVII het besluite hieroor bly uitstel tot die Britse verowering van Nieuw-Amsterdam (New York) in Noord-Amerika en die verlies aan handelsposte langs die weskus van Afrika na 1664. In 1665 is besluit om “overmits d’insuffance van het oude Fort tot meerder verseekeringe deser plaets, alhier crachtiger middelen van defentie in’t werck te stellen, met de begrijpen van sodanigen aensienliken stercke roijale fortresse...” Kommandeur Wagenaer is opdrag gegee om onmiddellik met die breek en karwei van klip en die versameling van hout en skulpe vir die brand van kalk te begin (Böeseken, 1957: 331-334). Kommissaris Isbrand Goske (1626-na 1689), die latere Goewerneur aan die Kaap, het op 17 Augustus arriveer om finaal oor die terrein vir die nuwe fort te besluit. Saam met hom was die militêre ingenieur, Pieter Dombaer (?-1677) en ’n plan of *pourtraict* vir die reëlmatig vyfpuntige stervesting (Afbeeldings 2 en 5).

Volgens Kommandeur Wagenaer is besluit om die *roijale fortresse* 60 Rynlandse Roede (omtrent 230m) verder oos as die oue te bou (Böeseken 1973: 377). Dit sou dit moeiliker maak om raak te skiet vanaf Seinheuwel – sou die vyand in staat wees om sy kanonne daar op te stel – maar die soortgelyke gevaar vanaf Duiwelspiek is aanvaar omdat daar geen plek in die vallei was wat veilig van sodanige gevaar was nie (Seeman 1997: 24). Die bodemgesteldheid was ook van so ’n aard dat die grag en waterputte makliker gegrawe sou kon word en ’n waterleiding uit die berg sou die grag en vesting van water kon voorsien (Böeseken 1957: 335). As gevolg van die rotse net onder die watervlak was dit moeilik vir bote om daar te land en vir skepe om die Kasteel te benader om dit te bombardeer (Roux 1925: 6).

Die naam van Sebastien le Prestre Vauban het so sinoniem met die ontwerp van vestings geword dat ook die ontwerp van die Kasteel, of minstens die beginsels waarvolgens dit ontwerp is, gereeld in die verlede aan hom toegeskryf of geïnsinueer is (Roux 1925: 5; Ras 1959: 58). Die historikus, Eric Walker (1957: 44), verklaar omomwonde: *Pieter Dombaer designed*

*it* [the Castle] *on the most approved model of Louis XIV's great military engineer, Vauban*. Hierdie menings, wat ook in Nederland geopper is, is reeds in 1952 deur die Nederlandse militêre historikus, W. H. Schukking (1886-1967), bevraagteken. Volgens hom is die bestaande Oudnederlandse beginsels wat reeds voor 1630 beskryf was, met die bou van die Kasteel gevolg. (Ploeger 1968: 87-89) Gerneke (1993: 19) beskou hierdie stellings as "bog" en wys daarop dat Vauban eers in 1676 die *Comissaire Général de Fortifications* geword het en dat, hoewel hy teorieë dikwels gedurende sy lewe gepubliseer is, sy belangwekkende werk oor aanval en vedediging eers in 1737 verskyn het.

Die ontwerper van die Kasteel is onbekend en dit is na alle waarskynlikheid 'n standaardplan vir 'n vesting op 'n terrein soos waarop dit gebou is. Vele sulke vestings is in die Nederlandse gebiede oorsee opgerig. Die Portugese vesting op die eiland Neira is eers deur die Nederlanders in 'n reëlmatige vierhoek verander as Fort Nassau (1607). Hierna het hulle in 1672 'n verdere vyfpuntige fortifikasie (Fort Belgica) op hoër grond naas die bestaande opgerig. In dieselfde Banda eilandgroep is Fort Revengi, ook as 'n vyfpuntster, in die eerste helfte van die sewentiende eeu op Ai, en, tydgenootlik aan die Kasteel, die Fort op Jaffnapatnam (1658) wat merkbare ooreenkomste met die Kasteel toon, op Sri Lanka opgerig (Temminck Groll 220:194-195; 258). Dit was nie slegs die V.O.C. wat hierdie vorm vir hulle vestings gekies het nie. In Willemstad, Curaçao is 'n vyfpuntige fort (later aangepas tot vier punte en 'n rondeel) na 1635 vir die Wes-Indiese Kompanjie gebou. (Ozinga 1959: 64-70)

Die geestelike vader van die ontwerp was moontlik steeds Simon Stevin wie se beginsels vir fortontwerp "onder academishe scholing tezeer beînvloed is geworden door de symboliek van 'volmaakte' Afbeeldingsn en getallen waardoor de betrekkingen tusschen de afmetingen der onderdeelen aan banden word gelegd en te weinig werd gelet op de militaire eischen, door een goede flankeering en den terreintoestand gesteld" (Schukking 1947: 31).

Klip is teen Seinheuwel uitgehaal, waar die groef steeds is en waar die eerste gebedebyeenkomste deur Moslems gehou is alvorens die oprigting van Moskees toegelaat is. Stene uit die vaderland en duursame hout uit Mauritius en Nederland het die Kaapse bronne aangevul. Ook kalk is uit Mauritius ingevoer om die voorrade wat uit die brand van skulpe verkry is aan te vul.

Die buitemure van die Kasteel was 5m (16 voet) dik by die fondamente. Binnemure is loodreg opgerig en die buitemuur is afgeskuins met alle vlakke minstens 1m dik. Tussenin is dit opgevul met gekompakteerde klei. Die twee bolwerke aan die landkant is effe hoër as die ander gebou sodat vandaar ook bo-oor hulle na die seekant geskiet kon word. Magasyne is binne die bolwerke ingerig. 'n Ingang is na die seekant gemaak waar die pad na en van die dorp geloop het. 'n Ravelyn is in 1684 voor dié poort opgerig vanwaar die strand met kanon- en geweervuur bestryk kon word (Böeseken 1959: 260). Nabygeleë geboue is gesloop sodat die vesting in 'n oop ruimte gestaan het. 'n Grag van 46m wyd is beplan. Die uitgegraafde grond sou as 'n buitewal opgehoop word. Die grag is later tot 'n wydte van 18 meter beperk.

Teen die binnemure is enkel- en meerverdieping barakke, werkswinkels, pakhuise, 'n kerk, kwartiere vir die vakmanne en woonplekke vir die amptenare opgerig. Volgens Mentzel (1921: 63) was die grootste tekortkoming dat geen skuins klimming gebou is om kanonne uit die binneruim op die mure te trek nie. Die oop ruimte, voordat die tussenmuur en geboue daarteen aangebou is, was amper 12 000m$^2$. Op 26 April 1679 is dit formeel voltooid verklaar toe die bastionne benoem is. In Oktober van dieselfde jaar het Simon van der Stel as die nuwe goewerneur aangekom en dadelik probleme met die ingangspoort raakgesien. Die poort was soms tydens winterstorms en springgetye ontoeganklik en gelaaide waens het gesukkel om deur die los sand te ry. Die poort was ook kwesbaar van die see. In 1882 is dit geskuif na sy huidige

posisie tussen die bolwerke Buuren en Leerdam (Seeman 1997: 25) – die eerste van ’n reeks veranderinge en bykomende versterkte punte om die vesting te verbeter en te beskerm.

Die grootste enkele verandering was die invoeging in 1691 van ’n groot skeidsmuur om ’n voor- en agterhof in die binneruimte te vorm. Later as die Kat bekend, was dit 10m hoog en twee meter wyd by die basis met ’n geboogde opening tussen die howe. Geboue is mettertyd aan weerskante hiervan gebou met die meer amptelikes in die voorhof. Hierdie binneverdeling as verdedigingsmeganisme was nie nuut nie en voorbeelde dateer uit die Middeleeue en die kastele wat deur die Kruisvaarders in Sirië gebou is (Lawrence 1992: 98-94).

Die Kasteel, as alleenstaande sterkte teen aanvalle, was nie verdedigbaar nie en reeds in 1672 is ’n begin gemaak met die bou van kleiner forte en kanonbatterye. Om die vyand se aanmars om Seinheuwel te keer is die *Matrozen Schantz* in Drieankerbaai gebou. Hierna het die oprigting van die Mauritius Battery (later Chavonnes genoem) en Fort Knokke aan die oostekant van die Kasteel en ’n reeks kleiner batterye tussen die Kasteel en Fort Knokke (1744) en ’n battery aan die seekant van die Kasteel gevolg.

Die wye baai het vele landingsplekke gebied en in 1784 is ’n begin gemaak met die oprigting van die Amsterdam Battery en net hierna met die Franse linie, ’n reeks forte verbind deur loopgrawe. Teen 1793, kort voor die verdedigingswerke van die Kaap getoets sou word, was daar 33 ander forte en batterye van Kampsbaai tot Roodebloem al langs die kus en om die Kasteel gerangskik (KAB M1/3563; Barker 2003: 47; De Puyfontaine 1972: teenoor 33).

Met die eerste Britse inname twee jaar later is hierdie fortifikasies letterlik omseil toe die Britse magte die Kaap vanaf Valsbaai aangeval het. Om verskeie redes het die Kaapse owerhede feitlik sonder slag of stoot oorgegee sonder dat die vededigingswerke om die Kasteel of die sentrale vesting self beproef is.

Hierdie verdedigingslinies is na die eerste Britse oorname in 1795 verder uitgebrei. Hulle eerste ingryping was by die mond van die Soutrivier; hierna is die King’s Blokhuis hoog teen Duiwelspiek en die Queen’s en York Blokhuise teen dieselfde hang gebou om die Franse Linie verder uit te brei. ’n Martellotoring en Cradock Battery is aan die Valsbaaikant opgerig (Barker 2003: 51-52).

In 1806, welbekend met die Kaapse verdedigingstelsel (Barrow 1804:206-219; Percival 1929: 69-74), het die Britse magte buite bereik van die kanonne van die Kasteel en die reekse batterye in Tafelbaai geland. Weer eens het die Kaapse owerheid na ’n kort geveg oorgegee sonder dat die Kasteel self ’n aanval moes weerstaan.


## Vergelykende samevatting

Die stryd tussen Nederland en Portugal en later Engeland aan die suidooskus van Afrika het hoofsaaklik om die verkryging en behoud van ’n veilige verversingspos tussen Europa en die Ooste gegaan. Die onvermoë om Ilha de Moçambique in te neem het daartoe bygedra dat die Kaap uiteindelik die permanente pos van die V.O.C. geword het. Soos die eiland moes ook die Kaap teen inname verdedig word. Om dit te bereik is vestings op beide plekke opgerig. Hulle was tekenend van die militêre kunde van die dag.

Die Fortaleza de São Sebastião op die Ilha de Moçambique en die Kasteel in Kaapstad is beide deur die verdigingsargitektuur van die Italiaanse Renaissance beïnvloed – óf deur Italiaanse argitekte wat in Portugal en Nederland gewerk het óf deur Portugese en Nederlandse argitekte wat leertydperke in die noordelike stadstate van Italië deurgebring het. In beide lande is die geleende beginsels bestudeer, toegepas, aangepas en ontwikkel. Van die *trace italienne*

leen die Portugese en Nederlanders die stervorm en die bastion vanwaar aanslae op die swakker *courtine* met kruisvuur afgeweer kon word (Afbeeldings 6 & 7).

Wat plasing en voorkoms betref behou die Fortaleza ’n sekere mate van die romantiese sjarme van die oninneembare Middeleeuse vesting. Die buiterand van die vesting klou getrou aan die onreëlmatige noordoostelike rand van die eiland sodat mure soms tot 15m direk uit die branding opklim. Dit is in volle beheer van die enigste toegang tot die hawe en vyandelike skepe was gedwonge om wye draaie om die kanonne te seil om die versterking van die landkant af aan te val. Die Fortaleza het al hierdie aanslae weerstaan.





**Afbeelding 6**
**Die Kasteel De Goede Hoop, Kaapstad (Pearse 1957: 35).**

1 Hoofingang in die tyd van Simon van der Stel gebou
2 Woning van die Goewerneur
3 Woning van die Secunde
4 Woning van die Admiraal van die vloot
5 Graanskure
6 Die tussenmuur
7 Put, later in putkamer toegebou
8 Arsenaal of Magasyn vir buskruit
9 Oorspronklike ingang na die seekant
10 Waghuisies
11 Werkswinkels

Hierteenoor is die Kasteel ’n reëlmatige, klare en wiskundige patroon wat effe log en verlate op die wye strandgebied geplaas is en nie in staat was om al die moontlike landingsplekke in die wye baai, of ander baaie, te verdedig nie. Sonder die buiteforte, buitewerke, kanonbatterye en linies wat met die tyd opgerig is, was dit weerloos teen aanvalle, veral vanaf die hoë grond teen Duiwelspiek, vanwaar die binneruimte bombardeer sou kon word. Dié moontlikheid was een van die redes vir die oprigting van die stewige binnemuur wat die oop ruimte halveer het. Pieter Gysbert Noodt (1681-1729), direkteur-ingenieur van fortifikasies in Batavia en latere Kaapse goewerneur, was in 1722 van mening dat die Kasteel op sy eie binne 24 uur met slegs 500 tot 600 man ingeneem sou kon word. Barrow (1804: 209) en Mentzel (1921; 151) het hierdie mening Die Kasteel is heelwat groter as die Fortaleza, maar omdat hulle planvorms soveel van mekaar verskil, is die enigste werklike vergelyking slegs tot die oop ruimte binne

beperk. Dié van die Kasteel, alvorens die invoeging van die tussenmuur, is twee keer so groot as dié van die Fortaleza. Tog kon laasgenoemde meer soldate as die Kasteel huisves. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die Kasteel ’n sitadel was waar, afgesien van die garnisoen, ook die Goewerneur, Secunde, Admiraal van die vloot en ander amptenare gebly het, afgesien van die vele voorraadstore en werkswinkels vir wamakers, kuipers en timmermans. Op Ilha de Moçambique is hierdie amptenare buite die Fortaleza gevestig en het hulle slegs tydens beleërings daarheen verhuis. Hier was die woonplek van die Capitão [bevelvoerder] ’n klein en eenvoudige ruimte, direk bo die hoofingang. Andersins is alle beskikbare akkommodasie aan die garnisoen, wapentuig en ammunisie afgestaan.




**Afbeelding 7**
**Fortaleza De São Sebastião, ilha de Moçambique (De Lima 1983: 24).**

1 Offisier van wagte
2 Pakhuis vir kos
3 Arsenale
4 Kwartier van die regimentsadjudant
5 Kwartier van die Vikaris
6 Kwartier van die Luitenant-Kolonel
7 Kwartier van die Negende Kompanjie
8 Kombuis en Latrines
9 Kwartier van die Sesde Kompanjie
10 Pakhuis vir vuurmaakhout
11 Kwartiere van die Vierde en Vyfde Kompanjies
12 Kompanjiesmajoor en kompanjieskolonel
13 Pakhuis vir ballas
14 Kwartier van die Tiende Kompanjie
15 Kwartier van die Artillerie-kompanjie
16 Tronke vir soldate en inheemse mense
17 Kwartier van die Soldaatwag
18 Kwartiere van die Sewende en Agste Kompanjies
19 Waterreservoir (*Cisterna Grande*)
20 Kerk (*Igreja de São Sebastião*)

Die onmiddellike omgewings het as bronne van boumateriaal vir beide fortifikasies gedien, maar skaars of duursame materiaal is ook van elders ingevoer. In die middel van die Ilha de Moçambique en teen die hang van Seinheuwel lewer die klipgroewe steeds bewys van die groot omvang van beide konstruksies. Soldate, matrose en slawe het die hardste bouwerk behartig.

Vandag is beide getuies van ’n historiese periode toe Europese lande die hele wêreld as hulle eie beskou het om gedienstig te maak en te ontgin. Die Kasteel is in ’n goeie toestand na dit oor ’n tydperk van 30 jaar restoureer is en dit daagliks ’n funksie, afgesien van toerisme, vervul. Die Fortaleza is in ’n bestendige toestand, maar veral die binnewerk verdien aandag. Die wortels van Wildevyebome is besig om die buitemure na vier en ’n halwe eeu stadig maar seker te vernietig. Restourasie en ’n gebruik vir die fort het noodsaaklik geword. Dit is ’n wêrelderfenisterrein, maar restourasie word tans tot kleiner geboue in die dorp beperk. Om die Fortaleza te behou sal ’n kragtige en langdurige ingryping kos.

Die Fortaleza de São Sebastião is net meer as ’n eeu ouer as die Kasteel in Kaapstad. Dit was, toe dit in die sestiende eeu gebou is, aan die voorpunt van die nuwe ontwikkelings in militêre argitektuur en bestand teen die beste destydse wapens en tegnieke van oorlogvoering. Dit is getoets en het geslaag. Die Kasteel was een van die laaste stervestings wat volgens die Oudnederlandse stelsel gebou is en terwyl die bouwerk nog aan die gang was is die ontwerp van fortifikasies en die maniere om hulle in te neem radikaal deur militêre ingenieurs soos Menno van Coehoorn en Sebastien le Prestre Vauban verander. Ironies is die Kasteel – as gevolg van sy onverdedigbaarheid – nooit aangeval nie.

**Aangehaalde werke**


Alexander, D. 1971. *Holiday in Mozambique: a guide to the territory*. Cape Town: Purnell.

Axelson, E. 1960. *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700.* Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Axelson, E. 1973. *Portuguese in South-East Africa, 1488-1600.* Cape Town: Struik.

Axelson, E. (Ed).1988. *Dias and his successors*. Cape Town: Saayman & Weber.

Barker, B.J. 2003. *The Castle of Good Hope from 1666*. Cape Town: Military Museum.

Barrow, J. 1804. *An Account of travels into the interior of Southern Africa*. vol. 2. London: Cadell & Davies.

Böeseken, A.J. (Red). 1957. *Resolusies van die Politieke Raad 1651-1669*. Kaapstad: Argiefkommissie.

Böeseken, A.J. (Red). 1959. *Resolusies van die Politieke Raad 1670-1680*. Kaapstad: Argiefkommissie.

Böeseken, A.J. (Red). 1973. *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666*. Pretoria: Staatsdrukker.

Böeseken, A.J. 1974. *Jan van Riebeeck en sy gesin*. Kaapstad: Tafelberg.

Boxer, C.R. 1961. *Four centuries of Portuguese expansion, 1415-1825: a succinct survey*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Boxer, C.R. 1965. *The Dutch seaborne empire 1600-1800*. London: Hutchinson.

Boxer, C.R.1991. *The Portuguese seaborne empire, 1415-1825*. Lisbon: Carcanet.

Cabrita, J. & Cabrita, A. 1986. *The Finest castles in Portugal*. Lisbon: Verbo.

Cacegas, Luis. 1964. “História de S. Domingos”, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa*, I. Cape Town: C. Struik.

Capão, J. 1996. “Ilha de Moçambique: sem desenvolvimento não há conservação”. *Oceanos*, 25, Janeiro-Março.

Coolhaas, W.Ph. 1977. "Van Caerden, Paulus", in D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers vir die RNG.

Correa, Gaspar. 1964. "Lendas da India", *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa*, II. Cape Town: Struik.

Da Cunha, S.S. 1939. *Antigüidades históricas da Ilha de Moçambique e do litoral fronteira, desde os tempos da ocuopação*. Lisboa: União Gráfica.

Davies, D.W. 1961. *A primer of Dutch seventeenth century overseas trade*. The Hague: Martinus Nijhoff.

De Almeida, J.A.F. (Ed). 1976. *Tesouros artísticos de Portugal*. Lisboa: Selecções do Reader's Digest.

De Andrade, S.G. 1992. *Santa Maria da Vitória, Batalha*. Lisboa-Mafra: Publicidade Artes Gráficas.

De Barbuda, Luiz Coelho. 1964. "Empresas militares de Lusitanos", *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa*, II. Cape Town: C. Struik.

De Barros, João. 1964. "Da Asia", *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa*, VI. Cape Town: C. Struik.

De Booy, A. (red.). 1968. *De derde reis van de V.O.C. naar Oost-Indië onder het beleid van admiraal Paulus van Caerden, uitgezeild in 1606,* I. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

De Castanheda, Fernão Lopez.1964. "Extractos do Descobrimento e conquista da India pelos Portuguezes", *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa*, V. Cape Town: C. Struik.

De Castro, F.M. 1934. *Origem do nome da ilha, cidade, distrito e província de Moçambique*. Porto: Edições da 1ª Exposição Colonial Portuguesa.

De Goes, Damião. 1964. "Chronica do felicissimo Rei Dom Emanuel da gloriosa memoria", *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa*, III. Cape Town: C. Struik.

De Kock, W.J. 1957. *Portugese ontdekkers om die Kaap: die Europese aanraking met suidelike Afrika, 1415-1600*. Kaapstad: A.A. Balkema.

De Kock, W.J. (red.). 1976. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, I. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers vir die RNG.

De Lima, A.V. (Ed.). 1983. *A Ilha de Moçambique em perigo de desaparecimento: uma perspectiva histórico um olhar para o futuro*. Porto: Fundação Calouste Gulbenkian.

De Oliveira Marques, A.H. 1972. *History of Portugal,* I: *from Lusitania to Empire*. New York & London: Columbia University Press.

De Puyfontaine, H.R. 1972. *Louis Michel Thibault 1750-1815*. Cape Town: Tafelberg.

De Sousa, M. 2002. *Reis e rainhas de Portugal*. Men-Martins: SporPress.

De Wet, C. 2002. "Die VOC-nedersetting aan die Kaap die Goeie Hoop se betrokkenheid by die lande aan die westelike Indiese Oseaan, 1652-1700". *Historia*, 47 (1), Mei.

Diffie, B.W. & G.D. Winius.1977. *Foundations of the Portuguese empire, 1415-1580.* Minneapolis: University of Minnesota.

Dos Santos, João. 1964. "Ethiopia Oriental", *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa*, VII. Cape Town: C. Struik.

Duffy, J. 1959. *Portuguese Africa*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.

Durão, A. 1952. *Cercos de Moçambique defendidos por D. Estevão de Ataíde*. Lourenço Marques: Minerva Editora.

Fairbridge, D. 1924. *Lady Anne Barnard at the Cape of Good Hope 1797-1802*. Oxford: Clarendon Press.

Faucherre, N. & Prost, P. 1992. *Le Traité de l'attaque des places de Monsieur de Vauban ingénieur du Roi*. Evreux: Gallimard.

Fernandes, J.M. 1991. *Synthesis of Portuguese culture: Architecture*. Lisbon: Imprensa Nacional – Casa da Moeda.

Fletcher, B. 1963 *A History of architecture on the comparative method*. London: Athlone Press.

Garcia, J.M. 1992. *Portugal and the discoveries: the meeting of civilizations*. Lisbon: Comissariado de Portugal para a Exposição Universal de Sevilha.

Gerneke, G. 1993. "De Kasteel de Goede Hoop". *Architecture SA*. May/June. pp. 18-21.

Gie, S.F.N. 1955. *Geskiedenis van Suid-Afrika (1652-1795)*, I. Stellenbosch & Grahamstad: Universiteits-uitgewers.

Gil, G. & Cabrita, A. 1989. *The finest castles in Portugal*. Lisbon: Editorial Verbo.

Godée Molsbergen, E.C. 1912. *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika Jan van Riebeeck*. Amsterdam: Van Looy.

Guedes, A. d' A. M. 2005. "O Moçambique que Camões, seus amigos e inimigos, viram". *Cidades Africanas*, 5, Maio.

Hammerton, J.A. (Ed.). N.d. *Concise universal biography*, III. London: Educational Book Company.

Huibregtse, P.K. N.d. *Zó is Mozambique: Parel van Afrika's Oostkust*. Den Haag: Forum Boekerij.

Israel, J.I. 1989. *Dutch primacy in world trade, 1585-1740.* Oxford: Clarendon. Jayne, K.G. 1970. *Vasco da Gama and his successors,1460-1580*. New York: Barnes & Noble, Inc. Methuen & Co.

Kirkman, J. 1964. *Men and monuments on the East African Coast*. London: Lutterworth Press.

Kubler, G. & Soria, M. 1959. *Art and architecture in Portugal and their American dominions 1500 to 1800*. Harmondsworth: Penguin Books.

Lawrence, T.E. 1992 [1936]. *Crusader Castles*. London: Immel Publishing.

Lees-Milne, J. 1960. *Baroque in Spain and Portugal*. London: Batsford.

Leibrandt, H.C.V. 1898. *Precis of the archives of the Cape of Good Hope. Letters and documents received 1649-1662*. vol. 1. Cape Town: Richards.

Lobato, A. 1945. *A Ilha de Moçambique (monografia)*. Lourenço Marques: Imprensa Nacional de Moçambique.

Lobato, M. 1996. "A Ilha de Moçambique antes de 1800", *Oceanos*, 25, Janeiro-Março.

Macchiavelli, N. 1952. (vert. Luigi Ricci) *The Prince*. New York: Mentor Books. Mentzel, O.F. 1921. *A Geographical and topographical description of the Cape of Good Hope*. part 1. Cape Town: Van Riebeeck Society.

Muller, C.F.J. (red.). 1969. *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria: Academica.

Newitt, M. 1995. *A history of Mozambique*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Ozinga, m.d. 1959. *De Monumenten van Curaçao in woord en beeld*. Den Haag: Stigting Monumentsorg Curaçao.

Pearce, G.E. 1957. *Eighteenth century architecture in South Africa*. London: Batsford.

Percival, R. 1929. *An Account of the Cape of Good Hope*. New York: Negro University Press.

Pereira, J.C. (Ed.). 1985. *Dicionário ilustrado da história de Portugal*, I. Estella: Publicações Alfa.

Ras, A.C. 1959. *Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingwerke 1652-1713*. Kaapstad: Tafelberg.

Rego, A. da S. 1965. *Portuguese colonization in the sixteenth century: a study of the Royal Ordinances (Regimentos)*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Rice, F. 1978. *The Foundations of early modern Europe*. London: Weidenfeld and Nicholson.

Roux, P.E. 1925. *Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese*

*Kompanjie, 1652-1759*. Stellenbosch: sonder uitgewer.

Schukking, W.H. 1947. *De Oude vestingwerken van Nederland*. Amsterdam: Allert de Lange.

Slater, M. 1994. *Guide to Mozambique: the essential visitor's companion*. Cape Town: C. Struik.

Smith, R.C. 1968. *The Art of Portugal 1500-1800*. London: Weidenfield & Nicholson

Soveral, A. de Carvalho. 1887. *Breve estudo sobre a Ilha de Moçambique a companhado d'um pequeno vocabulario Portuguez-Macúa*. Porto: Livraria Chardron.

Temminck Groll, C.L. 2002. *The Dutch overseas: architectural survey*. Zwolle: Waanders Publishers.

Theal, G.M. 1897. *Geschiedenis van Zuid-Afrika*. Kaapstad, Port Elizabeth & Johannesburg: J.C. Juta.

Theal, G.M. 1964. *History of South Africa before 1795,* II*: the Portuguese in South Africa from 1505 to 1795*. Cape Town; C. Struik.

Theal, G.M. 1896. *The Portuguese in South Africa*. Cape Town, Johannesburg & Port Elizabeth: J.C. Juta.

Van Aswegen, H.J. 1980. *Geskiedenis van Afrika: van die vroegste oorspronge tot onafhanklikheid*. Pretoria: Academica.

Van Aswegen, H.J. & G. Verhoef. 1982. *Die geskiedenis van Mosambiek*. Durban: Butterworth.

Van Goor, J. 1994. *De Nederlandse koloniën: Geschiedenis van de Nederlandse expansie, 1600-1975*. Den Haag: J. van Goor.

Van Hulzen, A. 1970. *Vaderlandse geschiedenis*, I. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Van Kampen, N.G. 1831. *Geschiedenis der Nederlanders buiten Europa, of verhaal van de togten ontdekkingen, oorlogen, veroveringen en inrigtingen der Nederlanders in Aziën, Afrika, Amerika en Australië, van het laatste der zestiende eeuw tot op dezen tijd*. Haarlem: François Bohn.

Van Kerkwijk, G. A. 1846. *Handleiding tot de kennis van de vestingbouw voor de kadetten der Genie en Artillerie*. Breda: Broese.

Van Opstall, M.E. (red.). 1972. *De reis van de vloot van Pieter Willemsz Verhoeff naar Azië, 1607-1612*, I. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

Walker, E.A. 1957. *A History of Southern Africa*. London: Longmans.

Welch, S.R. 1950. *Portuguese rule and Spanish crown in South Africa, 1581-1640*. Cape Town & Johannesburg: Juta & Co.

Welch, S.R. 1952. "Waarom die Portugese hulle nie aan die Kaap gevestig het nie". *Die Huisgenoot,* 36 (1563), 7 Maart.

Met dank aan dr. Fernando Capao, Hannes Jacobs, José Andrade en Mario Viage.

Cobus Ferreira het die grade D.Litt. et Phil. (Geskiedenis) aan UNISA en D.Phil. (Kultuurgeskiedenis) aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy was professor in Kultuurgeskiedenis en is sedert sy aftrede ereprofessor aan laasgenoemde universiteit. Hy is die outeur van 'n agtiental boeke en 85 tydskrifartikels, waarvan ongeveer die helfte op die kontak tussen Suid-Afrika en Portugal betrekking het.

Schalk le Roux is 'n argitek en buitegewone professor in die Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria. Hy het ontwerp en omgewingsgeskiedenis aan dié Universiteit doseer en was hoof van die DepartementArgitektuur tot 2003. Sy belangstellings is Moslemargitektuur, die moskee in Suid-Afrika en die rol van slawe in die Kaapse boubedryf aan die begin van die 19de eeu.